

5

SAMUEL

God gebruik my al is ek klein

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God elkeen van ons in sy diens wil gebruik.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God het Samuel geroep toe hy nog 'n seuntjie was.
- God het Samuel geroep om vir Hom te werk.
- hulle is nie te klein om vir die Here te werk nie.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om vir die Here te werk.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om op te noem wat hulle vir die Here kan doen.
- om iets vir die Here te doen.

MEER INLIGTING (1 Samuel 3: 1-18)

Lees 1 Samuel 3: 1-18 om jou op die hoogte te bring van die gebeure.

Ons lees in die Bybel van 'n klein seuntjie. Sy naam was Samuel en hy het in die tempel van die Here by Eli gebly. Hy is een oggend, baie vroeg, geroep. Nie deur die wekker nie. Nee, hy het 'n stem gehoor wat hom geroep het. Hy het gedink dit is Eli, maar dit was al die tyd God. Samuel het dit nie beseef nie. Drie keer het die roepstem gekom. Elke keer het Samuel na Eli toe gehardloop. Toe weet Eli dit is God wat met Samuel praat.

Wat sê Eli toe vir Samuel? As jy weer die stem hoor, sê dan: *Praat Here, u dienaar luister*. God het toe met Samuel gepraat en Samuel het met God gepraat. God het aan Samuel 'n opdrag gegee en hy moes dit doen. Hy moes vir Eli gaan sê dat God hom swaar gaan straf, omdat sy seuns so baie gesondig het. Eli het geweet sy kinders doen verkeerd, maar hy het hulle nie gewaarsku of gestraf nie. Eers wou Samuel dit nie vir Eli vertel nie, maar Eli het aangehou en Samuel het hom vertel. God het Samuel gebruik om vir Hom te werk – al was hy nog klein. Samuel was gehoorsaam aan God en het vir Eli vertel wat God aan hom bekend gemaak het.

Dit was seker baie swaar vir Samuel om sulke slegte nuus vir Eli te vertel. Onthou, Eli het vir Samuel opgepas en hom van al die tempelpligte geleer.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Vier flitskaarte met die letters **P, l, a, n** – een letter op 'n kaart.
- Vier flitskaarte met die volgende sinsnedes (sien IETS OM TE DOEN hieronder):
 - **P**raat Here, ek
 - **l**uister
 - **a**andagtig en sal my opdrag
 - **n**akom
- Prestik.
- 'n Wekker.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vertel vir wie hulle gaan versorg het.
- Laat hulle hul boeke wys waar hulle geteken en prente ingeplak het.
- Kontroleer of hulle hierdie vrae kan antwoord:
 - Waar het Naomi en haar familie gaan woon toe daar droogte in Betlehem was? (*In Moab.*)
 - Met wie is haar seuns daar getroud? (*Met Orpa en Rut.*)
 - Wat het Naomi en Rut gedoen nadat dit weer in Betlehem gereën het? (*Hulle is terug na Betlehem.*)
 - Wie het vir Naomi gehelp en versorg? (*Rut.*)
 - Waar het Rut koringare gaan optel? (*In Boas se lande.*)
 - Met wie is Rut daarna getroud? (*Met Boas.*)
 - Wie gee die Here vir ons om ons te help? (*Die Here gee vir ons ouers, familie, vriende en partykeer onbekendes om ons te help.*)
 - Wie sorg altyd vir ons? (*Die Here.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Stel die wekker om binne 'n minuut te lui.

- Vra wat doen 'n mens gewoonlik soggens as jou wekker lui. (Gebruik ongeveer dertig sekondes om daarvoor uit te wei: *Dit maak ons wakker, dit sê ons moet opstaan, dit roep ons.*)
- Laat die kinders hul oë toemaak voor die wekker kan lui.
- Laat die wekker lui.
- Hulle sal outomaties hul oë oopmaak.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van God wat met Samuel gepraat het.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by die kinders in:

- Ons lees in die Bybel van Samuel.
- Hy het by Eli in die tempel gebly.
- Die Here het drie keer na Samuel geroep en elke keer het Samuel gedink dit is Eli.
- Eli het toe geweet dit is God wat met Samuel wil praat.
- Eli het gesê as Samuel weer die stem hoor, moet hy sê: *Praat Here, u dienaar luister.*
- Eli het nie sy kinders wat verkeerd gedoen het, gewaarsku of gestraf nie.
- God het vir Samuel gesê dat Hy vir Eli gaan straf.
- God het vir Samuel gesê dat hy vir Eli moet gaan sê dat God hom gaan straf.
- God het Samuel gebruik om sy boodskap oor te dra.
- God gebruik ons ook om vir Hom te werk.
- Soos Samuel, moet ons ook vir die Here sê: *Praat Here, u dienaar luister.*

IETS OM TE DOEN

- Sit die letters **P, l, a, n** onder mekaar teen die bord vas:

P
l
a
n
- Gee die volgende 4 flitskaarte aan die kinders:
 - **P**raat Here, ek
 - **l**uister
 - **a**andagtig en sal my opdrag
 - **n**akom
- Laat die kinders die sinsnedes op die letters wat **Plan** gespel het, kom vasplak.
- Laat hulle al die sinsnedes hardop en vlot aaneen lees: **Praat Here, ek luister aandagtig en sal my opdrag nakom.**
- Laat hulle dit twee maal na mekaar hardop lees.
- Prent dit by die kinders in: **Die Here wil ons almal gebruik om vir Hom te werk.**
- Laat die kinders vertel hoe hulle vir God kan werk en dit neerskryf (byvoorbeeld: kerk en kategese toe kom; maatjies van die Here vertel; bejaardes help of vir hulle sing of 'n blommetjie gee.)

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle hul ouers gaan vra om te vertel of die Here hulle al ooit geroep het om vir Hom te werk. Hulle moet dit wat hul ouers moes doen, neerskryf.

Leer

Laat hulle hul ouers vra om hulle te help om die vraebank in hul boeke by Les 6 te leer vir volgende week se vasvrakompetisie. Die vrae is aan die einde van hierdie les vir die kategeet afgedruk.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 543: 1 as gebed, of laat dit sing.

*Here Jesus, ek is klein, maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer; laat ek grootword tot u eer.
O Jesus neem my, o Jesus lei my,
o Jesus sterk my en vorm my tot u eer. Amen.*

Belangrik:

Skaf 'n eenvoudige prys aan vir die span wat wen – lekkers of biltong of enigiets anders.

VRAEBANK

Berei voor vir 'n vasvrakompetisie tussen twee spanne. Vra die vrae om die beurt – die een span kry dus al die vrae wat nie donker gedruk is nie, en die ander span kry al die donkergedrukte vrae. Elke korrekte antwoord tel een punt. As 'n span nie 'n antwoord ken nie of verkeerd antwoord, kan die ander span vir een punt die regte antwoord gee.

1. Waaruit het God die hemel en die aarde geskep? (*God het die hemel en die aarde uit niks geskep.*)
2. **Wie hou die skepping elke dag in stand? (God hou elke dag sy skepping in stand.)**
3. Waarvoor moet ons elke dag vir God dankie sê? (*Vir alles wat Hy geskep het.*)
4. **Wat moet ons bewerk, versorg en oppas? (Ons moet die skepping bewerk, versorg en oppas.)**
5. Wie alleen het die mag om sade in vrugte en groente te verander? (*God.*)
6. **God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. (Genesis 1: 31)**
7. Wat is ons Kerk se naam? (*Hervormde Kerk.*)
8. **Wie het nadat die Heilige Gees uitgestort is, vir die mense in Jerusalem gepreek? (Petrus.)**
9. Wat was die belangrikste wat Petrus gesê het? (*Elkeen wat in Jesus glo, is 'n kind van God.*)
10. **...ek sal tuis wees in die huis van die Here... (Psalm 23: 6b)**
11. Hoe was die klimaat en omstandighede in die land waar Jesus gewoon het? (*Dit was baie warm en stowwerig.*)
12. **Wat het dan met mense se voete gebeur? (Hul voete het baie vuil geword.)**
13. Wie het almal se voete gewas voor hulle geëet het? (*'n Bediende.*)
14. **Soos wie het Jesus sy dissipels se voete gewas? (Soos 'n bediende.)**
15. Wat het Jesus ons daarmee geleer? (*Hy het gewys dat kinders van die Here mekaar moet liefhê en dien.*)
16. **...soos ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. (Johannes 13: 15)**
17. Met wie is Naomi se seuns in Moab getroud? (*Met Orpa en Rut.*)
18. **Wat het Naomi en Rut gedoen nadat dit weer in Betlehem gereën het? (Hulle het teruggegaan na Betlehem.)**
19. Wie het vir Naomi gehelp en versorg? (*Rut.*)
20. **Waar het Rut koringare gaan optel? (In Boas se lande.)**
21. Met wie is Rut later getroud? (*Met Boas.*)
22. **Wie gee die Here vir ons om ons te help? (Die Here gee vir ons ouers, familie, vriende en partykeer onbekendes om ons te help.)**
23. By wie het Samuel in die tempel gaan bly? (*By Eli.*)
24. **Hoeveel keer het die Here na Samuel geroep? (Drie keer.)**
25. Wie het Samuel gedink roep hom? (*Hy het gedink dit is Eli.*)
26. **Watter verkeerde ding het Eli met sy kinders gedoen? (Eli het nie sy kinders wat verkeerd gedoen het, gewaarsku of gestraf nie.)**
27. Wat moes Samuel vir Eli gaan sê? (*Hy moes gaan sê dat God hom gaan straf.*)
28. **Waarvoor het God vir Samuel gebruik? (Om sy boodskap oor te dra.)**